
# DANIËL SE WONDER DIEËT



'n Bybelse voedingstudie

Daagliks lyk dit of 'n nuwe dieët of gesondheidsplan op die toneel verskyn wat beweer om die volgende wonder-dieët te wees waarvoor ons nog heeltyd wag. Tog het Salomo, die wysste man wat ooit geleef het, gesê: ***(Prediker 1:9,10)*** *"Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie. Is daar iets waarvan 'n mens kan sê: Kyk hier, dit is nuut? Dit was lankal daar in die ou tyd wat voor ons gewees het."*

## Daniël se Wonderdieët

Lank voor die tyd van Christus, toe Daniël en sy vriende as gevangenes weg-gevoer was na Babilon, sien ons die idee van 'n kenmerkende dieet.

Die koning het die *"room van die oes"*uitgekies en was vasbeslote om vir hulle spesiale kos te gee om hul te voed.

***Daniël 1:5*** *"En die koning het vir hulle 'n daaglikse porsie bestem uit die spys van die koning en van die wyn wat hy gedrink het; om hulle so drie jaar lank op te voed, sodat hulle aan die einde daarvan voor die koning kan dien."*

Maar Daniël en sy drie vriende het besef dat, ongeag sy goeie bedoelings, Koning Nebukadnesar se gekose dieet nie die beste vir hulle was nie. **Daniël 1:8** *"En Daniël het hom voorgeneem om hom nie te verontreinig met die spys van die koning of met die wyn wat hy gedrink het nie; daarom het hy die owerste van die hofdienaars vergunning gevra dat hy*

*hom nie hoef te verontreinig nie.”*

Hulle het gevra vir 'n proeftydperk van tien dae om te bepaal of hulle eie diet gelykstaande of beter is as die dieet van Koning Nebukadnesar.

***Daniël 1:11-16*** *“Maar Daniël het aan die bediende gesê wat die owerste van die hofdienaars oor Daniël, Hanánja, Mísael en Asárja aangestel het: Stel tog u dienaars tien dae lank op die proef, en laat hulle ons van die groente gee om te eet en water om te drink; laat daarna ons voorkoms en die voorkoms van die jong seuns wat die spys van die koning eet, deur u besigtig word; handel dan met u dienaars soos u bevinding sal wees. Hy het toe na hulle geluister in hierdie saak en hulle tien dae lank op die proef gestel.*

*En aan die einde van tien dae het hulle voorkoms beter en hulle voller van vlees gelyk as al die jong seuns wat die spys van die koning geëet het. So het dan die bediende hulle spys en die wyn wat hulle moes drink, weggeneem en aan hulle groente gegee."*

Die resultaat was verbasend! NET 10 DAE LATER, en hulle het 'n gesonder voorkoms as al die ander wie die koning gekies het, gehad. Teen die einde van die 3 jaar, toe die koning self hulle getoets het, was hulle nie net gesonder nie, maar 10 keer meer intelligent as die wysste manne in Babilon.

***Daniël 1:19,20*** *"En die koning het met hulle gespreek, en onder hulle almal is daar niemand gevind soos Daniël,*

*Hanánja, Mísael en Asárja nie. So het hulle dan voor die koning gedien. En in enige saak van wyse insig waarin die koning hulle ondervra het, het hy bevind dat hulle al die geleerdes en besweerders in sy hele koninkryk tien maal oortref het."*

So ons kan vergelyk

**Die Babiloniese dieët** – Vleis kosse, verfynde lekkernye, en gegiste wyn.

**Daniël se dieët** – Plantaardige kosse en water om te drink.

Was Daniël moedswillig om te vra vir hierdie dieët? Hoe het hy geweet wat die resultaat van die toets sou wees?

# Die Lees van die Vervaardiger se Handleiding

Op 'n dag toe my man by die werk was, het ek besluit om die grassnyer uit te haal en gras te sny. Die tenk was leeg, dus het ek brandstof uit die brandstofkan wat ons in die skuur gehad het vir die grassnyer. in te gooi. My man was glad nie gelukkig toe hy uitgevind het nie. Ek het baie vinnig geleer dat die grassnyer veronderstel was om 'n mengsel van brandstof en olie in te kry. Dit was wat die vervaardiger voorgeskryf het as die beste. Die gebruik van die verkeerde brandstof kan masjinerie breek.

So ook het God ons gemaak. Hy is ons Skepper.

***Psalm 100:3*** *"Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide."*

Hy weet wat die beste is vir ons liggame. God se handleiding, die Bybel, sê vir ons wat ons veronderstel is om te eet.

## Die Oorspronklike Dieët

Voor die sondeval in Eden, het God vir die mens Sy oorspronklike dieët gegee. ***Génesis 1:29, 30*** *"Verder het God gesê:Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees. Maar aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende siel is, gee Ek al die groen plante as voedsel. En dit was so."*

So, in die begin, was aan die mens vrugte, neute, grane en sade gegee om te eet. Hierdie dieet moes tot seën vir die mensdom wees. In die perfekte wêreld, het die diere plante geëet en het nie mekaar dood gemaak nie, maar na die sondeval het dinge verander, en is daar aan ons n' herstelde dieët gegee.

## Die Herstelde Dieët

As gevolg van die sonde was ons stelsels nie meer perfek nie. Gifstowwe moes verwyder word. Mense het begin sweet. Sweet is souterig. Die mens het nie net gifstowwe verloor nie maar ook minerale. Om aan die tekort te voorsien het God die plante van die veld, of altans groente bygevoeg.

***Génesis 3:18,19*** *"Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal*

*die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.''*

Wanneer ons probeer om n siek liggaam te herstel gebruik ons ook gewoonlik die plante van die veld soos byvoorbeeld Knoffel en Gemmer. Hierdie is gawes deur God aan ons gegee om die nagevolge van sonde te kan behandel. Terwyl mense nog God se plan gevolg het, was hul lewensduur ‘n paar honderd jaar. (Sien **Genesis 5**) Na die vloed wat die hele Wêreld vernietig het, insluitend the plantaardige kosse, was 'n nood dieët toegelaat.

# Die Nood Dieët

*Génesis 9:3-5 "Alles wat beweeg en lewe, sal julle voedsel wees. Net soos die groen plante, gee Ek dit alles aan julle. Net die vleis met sy siel, met sy bloed, mag julle nie eet nie. Maar wat julle eie bloed betref, dit sal Ek eis: van al die diere sal Ek dit eis. Ook van die mens, van die een teenoor die ander, sal Ek die siel van die mens eis."*

Alhoewel God toegelaat het vir vleis in die dieet, het dit met 'n waarskuwings-etiket gekom en spesifieke verwysings en spesifikasies. *"wat julle eie bloed betref, dit sal Ek eis:"* Onmiddellik sien ons die lewensduurte van die aartsvaders begin verminder soos wat vleis deel geword het van hulle dieët.

*Onthou, hierdie dieët het ook gekom met spesifieke verwysings.*

1. Vleis mag nie geëet word met die bloed daarin nie. (**Genesis 9:4**) In die mediese wêreld vandag word erken dat menigte siektes oordraagbaar is deur die bloed. Om vleis te eet met die bloed daarin, was om te sondig en sonde is die oortreding van die wet. (**1 Joh. 3:4**)

***1 Samuel 14:32,33*** *"En die manskappe het op die buit afgestorm, en kleinvee en beeste en kalwers geneem en dit op die grond geslag, en die manskappe het dit met bloed en al geëet. Toe daar aan Saul geboodskap is: Kyk, die manskappe besondig hulle teen die HERE deur met bloed en al te eet, het hy gesê: Julle handel troueloos; rol nou 'n groot klip na my toe."*

2. Die vet van die diere was ook nie veronderstel om geëet te word nie. ***Levítikus 3:17*** *"'n Ewige insetting is dit vir julle geslagte in al julle woonplekke: géén vet en géén bloed mag julle eet nie."* Vandag weet ons dat die vet van diere die hoofsaaklike rede is vir hartsiektes. ***Psalm 119:70*** *"Hulle hart is ongevoelig soos vet; maar ék verlustig my in u wet."*

3. Net die rein diere was veronderstel om geëet te word. Dit was onbetwisbaar, want net na die vloed,het Noag net twee varke gehad, 'n beer en 'n sog. As hy een geëet het net na die vloed, sou varke vandag nie bestaan het nie.

***Génesis 7:1, 2*** *"Daarna het die HERE aan Noag gesê: Gaan in die ark, jy en jou hele huisgesin, want jou het Ek*

*regverdig bevind voor my aangesig in hierdie geslag. Van al die rein diere moet jy vir jou telkens sewe paar neem, die mannetjie met sy wyfie; maar van die diere wat nie rein is nie, twee, die mannetjie met sy wyfie.”*

**Levítikus 11** en **Deuteronomium 14** sit beide baie spesifiek die spesifikasies tussen rein en onrein diere uiteen. Rein diere moes gesplete hoewe hê EN moes herkou. Rein seediere moes BEIDE vinne en skubbe hê. Roofvoëls en vlermuise was almal onrein.

4. Ander bepalings het die deeglike kook daarvan ingesluit (**1 Samuel 2:12-17**) en die varsheid van die vleis, voor dit begin bederf (**Levítikus 7:17, 18; 9:6,7; Johannes 11:39; Handelinge 2:31**).

Hierdie dieët was nog nooit God se oorspronklike plan nie. Vandag lei Hy Sy mense tree vir tree terug na Sy herstelde dieët toe, om hulle voor te berei vir die herinstelling van die oorspronklike dieët.

## Die Herstel van die Oorspronklike Dieët

***Jesaja 65:17*** "*Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.*" ***Jesaja 65:25*** "*Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE.*"

In die Hemel en die Nuwe Aarde sal niks doodgemaak word nie. Dus weet ons dat 'n plantaardige dieët weer ingestel sal word.

Die einde van die wereld is op hande. Die natuur en die diereryk kreun weens al die siektes. Dit sal beslis goed wees vir ons om Daniël se wonderdieët aan te neem: Vrugte, Neute, Grane, Sade, Groente en Suiwer Water om te drink. Die oorspronklike diet gaan weer herstel word. Die keuse is joune. Sal jy die Skepper se Handleiding lees? Sal jy Sy riglyne volg? Sal jy nie Daniël se wonderdieët probeer nie?

*Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is, soos dit met jou siel goed gaan;*
*3 Johannes 1:2*

**Vertaal deur**

LUX LUCET IN TENEBRIS
Light in Darkness • Lig in Duisternis

**Liginduisternis@gmx.com**

**Vir meer informasie kom kuier vir ons by biblepicturepathways.com**